

FINANSIËLE REKENINGKUNDE 700 Seminaar RS 5 – Voorgestelde antwoorde PH Ferreira	DEPARTEMENT REKENINGKUNDE UP
--	---

VOORGESTELDE ANTWOORDE OP VRAAG 1

- 2.1 Rente loop op 'n daaglikse basis op en moet op 'n daaglikse basis toegedeel word deur van die effektiwerente-metode gebruik te maak. Uitleener is geregtig op die opgelope rente. [IAS 18.30(a)]
- 2.2 Voorkeurdividende word op 31 Desember as inkomste erken. Dit is die datum waarop die aandeelhouers se reg om betaling te ontvang, gevestig word. [IAS 18.30(c)]

[Let daarop dat die reg om betaling te ontvang gevestig word op die datum wat 'n aandeel ex-dividend verhandel. 'n Aandeel verhandel ex-dividend vanaf registrasiedatum (dit is die datum wat 'n aandeelhouer ingesluit moet wees in die register van aandeelhouers om 'n dividend te kan ontvang). Daarom, indien 'n belegger 'n aandeel na registrasiedatum koop, sal die koper die vorige eienaar nie vergoed vir die opgelope dividend nie, omdat die dividend direk deur die maatskappy aan die vorige eienaar betaal sal word.

Let ook daarop dat aandeelbeleggings gewoonlik teen billike waarde gedra word. Wanneer 'n dividend deur 'n maatskappy verklaar word, sal die billike waarde van 'n aandeel toeneem met die dividend (cum-dividend). Dit sal veroorsaak dat 'n billikewaarde-aanpassing (wins) erken word deur die belegger wanneer 'n dividend verklaar word. Op registrasiedatum begin die aandeel ex-dividend verhandel, met die gevolg dat 'n daling in billike waarde plaasvind. Dit lei tot 'n billikewaarde-aanpassing vir die belegger, hierdie keer 'n verlies. Die belegger erken egter op hierdie datum die werklike dividend as inkomste, wat lei tot 'n styging in wins, met die gevolg dat die netto effek op ekwiteit op registrasiedatum nul is. Die finansiële state weerspieël 'n billikewaarde-wins, billikewaarde-verlies (wat mekaar uitkanselleer) sowel as dividend inkomste.]

- 2.3 Gewone dividende word erken wanneer aandeelhouers se reg om betaling te ontvang, gevestig is. Interimdividend erken op datum van registrasie (30 September). Finale dividend ook erken op die datum van registrasie (31 Maart). [IAS 18.30(c)].
- 2.4 Klasgelde word erken oor die tydperk van onderrig op die persentasie-van-voltooiingsmetode. [IAS 18.20 en Bylae par. 16]. Indien die kostes gelykmatig aangegaan word, sal die persentasie-van-voltooiingsmetode tot gevolg hê dat die klasgeld op 'n reguitlyn grondslag erken word.

- 2.5 Uitgestelde verkoop – verkope moet as inkomste by aflewering soos volg erken word:
- Verkoopprys (rente uitgesluit): onmiddellik, want op datum van aflewering gaan alle wesentlike risiko's en voordele verbonde aan eienaarskap oor op die koper. (Bylae, par .8).
 - Finansieringskoste: termyn van ooreenkoms volgens die effektiwerente- metode. (Bylae, par .8).
- 2.6 Hoeveelheidskortings is nie inkomste nie, maar 'n vermindering van koste van voorraad en moet as sodanig hanteer word. [IAS 2.11]
- 2.7 Verkoop word eers erken wanneer aflewering van item plaasgevind het want slegs dan gaan risiko's en voordele van eienaarskap oor op koper, en slegs dan sal die verwante koste om die item gelewer te kry, verseker wees [IAS 18.14 en Bylae par 4].
- 2.8 Rente loop op 'n daaglikse basis op en moet dus op 'n daaglikse basis toegedeel word, deur die effektiwerente-metode te gebruik.
- 2.9 Tantième moet erken word volgens die kontrak. Die inkomste sal dus op produksie gegrond word en daarvolgens erken word, ongeag die feit dat dit slegs elke tweede jaar ontvang word. (IAS 18.30 (b)).

VOORGESTELDE ANTWOORD OP VRAAG 2

Agtergrond

Ingevolge omsendbrief 9/2006 par 16, moet vereffeningskortings *toegestaan* op die punt van verkoop geraam word, en verantwoord word as 'n vermindering van inkomste.

Bogemelde moet gedoen word ten einde inkomste te meet teen die billike waarde van die teenprestasie ontvang of ontvangbaar.

Soortgelyk, per omsendbrief 9/2006 par 17, moet vereffeningskortings *ontvang* geraam word op die punt van aankoop en afgetrek word van die koste van voorraad.

Sodanige vermindering in die koste van voorraad is nodig ten einde die werklike koste van die voorraad te reflekteer.

Indien entiteite in die verlede nie dié benadering gevolg het nie (soos in die geval van Suid-Afrika) was hul finansiële state nie in lyn met IFRS nie. Gevolglik moet die finansiële state reggestel word deur 'n vorige tydperk-fout te verantwoord.

Shorty Beperk sal dus hul finansiële state terugwerkend moet regstel deur die vergelykende inligting (2004) te herstateer asook die openingsaldo van behoue verdienste vir die vroegste tydperk wat aangebied word (2004). Bykomend hiertoe vereis die hersiene IAS 1 par 10 (f) dat 'n bykomende staat van finansiële posisie aangebied word soos aan die begin van 2004.

Korting toegestaan

Die korting van R35 000 wat toegestaan is gedurende 2004, hou verband met verkope gedurende 2003 en moes verantwoord gewees het as 'n vermindering in inkomste en debiteure in 2003. Hierdie aansuiwering moet nou terugwerkend gedoen word deur die openingsaldo van behoue verdienste, aan die begin van 2004, te verminder met R35 000. Ander uitgawes vir 2004 moet ook met R35 000 verminder word.

Die korting toegestaan van R102 000 in 2004 moes as 'n vermindering in inkomste verantwoord gewees het en nie as ander uitgawes nie. Hierdie twee lynitems moet gevolglik herstateer word in die staat van wins of verlies en ander omvattende inkomste vir 2004 (verminder inkomste met R102 000 en verminder ander uitgawes met R102 000).

Soortgelyk moet die korting toegestaan van R94 000 gedurende 2005 verantwoord word as 'n vermindering in inkomste en nie as ander uitgawes nie.

'n Raming moet gemaak word van kortings wat in 2006 toegestaan sal word op grond van die debiteuresaldo aan die einde van 2005. Hierdie bedrag moet vervolgens verantwoord word as 'n vermindering in inkomste vir 2005 en 'n vermindering in die debiteuresaldo aan die einde van 2005. Die bedrag van dié aansuiwering beloop R93 000 ($6\,200\,000 \times 30\% \times 5\%$).

Korting ontvang

Die korting ontvang van R58 000 gedurende 2005 moet nie as ander inkomste verantwoord word nie, maar eerder as 'n vermindering in koste van verkope en voorraad. Die aansuiwering aan koste van verkope beloop R46 400 (80% hou verband met voorraad wat reeds verkoop is), en die aansuiwering aan voorraad beloop R11 600 (20% hou verband met voorraad wat steeds voorhande is).

'n Raming moet gemaak word van korting wat ontvang sal word in 2006 op grond van die krediteuresaldo aan die einde van 2005. 75% van die bedrag moet dan verantwoord word as 'n vermindering van die koste van voorraad aan die einde van 2005 ($3\,900\,000 \times 80\% \times 2\% \times 75\% = R46\,800$), terwyl die restant (25%) verantwoord moet word as 'n vermindering in koste van verkope vir 2005 ($3\,900\,000 \times 80\% \times 2\% \times 25\% = R15\,600$). Beide gemelde aansuiwering (in totaal R62 400) sal die krediteuresaldo aan die einde van 2005 verminder.

VOORGESTELDE ANTWOORD OP VRAAG 3

Kommissie-inkomste wat deur 'n eiendomsagent verdien word, is wel inkomste (volgens die definisie van inkomste) omdat dit in die loop van die entiteit se normale bedrywighede ontstaan. Hierdie inkomste spruit voort uit die lewering van dienste, dus moet daar vasgestel word of die uitslag van die transaksie betroubaar geraam kan word. Indien wel, moet die inkomste uit die transaksie erken word met verwysing na die voltooiings stadium van die transaksie op die verslagdoeningsdatum. As die uitslag van die transaksie nie betroubaar geraam kan word nie, moet die inkomste slegs erken word tot die mate van erkende uitgawes wat verhaalbaar is.

As die verkoopsooreenkoms nie deur die koper én die verkoper geteken is nie, kan die uitslag van die dienslewering (die kommissie wat ontvang gaan word) nie betroubaar beraam word nie omdat dit nie seker is of die verkoopstransaksie sal realiseer nie. Gevolglik, voordat die verkoopsooreenkoms onderteken is, kan inkomste dus net erken word tot die mate van erkende uitgawes wat weer verhaal kan word. Daar is egter op die stadium geen sekerheid dat enige deel van die uitgawes verhaalbaar is nie, dus word geen inkomste erken voordat die verkoopsooreenkoms deur albei partye onderteken is nie.

Sodra die verkoopsooreenkoms onderteken is, is daar meer sekerheid oor die transaksie. Dit is dus nou nodig om vas te stel of die uitslag van die transaksie betroubaar beraam kan word. Gebruik die volgende kriteria:

1. Kan die inkomstebedrag betroubaar gemeet word?

Daar word aan die eerste kriterium voldoen sodra die koper en die verkoper albei die verkoopsooreenkoms onderteken het, want die kommissiebedrag word in die ooreenkoms vervat.

2. Sal die ekonomiese voordele wat uit die transaksie voortspruit waarskynlik na die entiteit vloei?

Daar word eers aan die waarskynlikheidskriteria voldoen wanneer die ooreenkoms onderteken is en as die opskortende voorwaardes in die ooreenkoms nagekom is (bv dat die ooreenkoms onderhewig is aan die goedkeuring van 'n verband of aan die verkoop van 'n ander eiendom).

3. Kan die voltooiings stadium van die transaksie teen verslagdoeningsdatum betroubaar gemeet word?

As die voorafgaande twee kriteria hier in gedagte gehou word, kan die voltooiings stadium van die kontrak eers bepaal word wanneer die kontrak geteken is en die opskortende voorwaardes nagekom is. Op daardie stadium is die kontrak effektiewelik voltooi (die grootste deel van die diens is gelewer) en die voltooiings stadium van die transaksie (100% voltooi) kan betroubaar gemeet word.

4. Kan die koste wat aangegaan is vir die transaksie en die koste daaraan verbonde om die transaksie te voltooi, betroubaar gemeet word?

Die koste wat deur die agent aangegaan word, is meestal reklame- en reiskoste. As die opskortende voorwaardes nagekom is, is die grootste deel van die koste reeds aangegaan. Enige toekomstige koste is waarskynlik weglaatbaar min en kan betroubaar gemeet word.

Gevolgtrekking: Sodra al die opskortende voorwaardes in die ooreenkoms nagekom is, moet die kommissie as inkomste erken word. (Op hierdie stadium is die agent ook volgens wet geregtig op die kommissie. As die ooreenkoms daarna gekanselleer word, is die verkoper nog steeds aanspreeklik daarvoor om kommissie aan die eiendomsagent te betaal.) Indien die kommissie oninvorderbaar word, behoort die oninvorderbare bedrag as 'n uitgawe erken te word, eerder as 'n vermindering in die inkomste wat reeds erken is.

VOORGESTELDE ANTWOORD OP VRAAG 4

E-pos 1

MEMORANDUM

Aan: Rekenmeester: LAN Beperk
 Van: IAS Inc oudit vennoot
 Datum: Februarie 2006
 RE: Terugbetalingsbeleid

Boodskap:

Beste rekenmeester

Ek verwys na u e-pos rakende die terugbetalingsbeleid wat deur LAN Beperk aan ontevrede klante toegestaan is. Na ons mening behoort die volgende oorweeg te word ten einde die toepaslike rekeningkundige hantering te bepaal:

Die verkoop van kledingstukke gee aanleiding tot die generering van inkomste. Aangesien klante egter die reg het om goedere terug te bring, ontstaan die vraag op watter stadium die inkomste uit die verkoop van die kledingstukke erken mag word. Volgens IAS 18.14 word inkomste uit die verkoop van goedere erken wanneer:

- die beduidende risiko's en vergoeding van eienaarskap oorgedra is na die koper;
- die entiteit nie voortgesette bestuursbetrokkenheid of effektiewe beheer behou nie;
- die bedrag van die inkomste betroubaar gemeet kan word;
- dit waarskynlik is dat ekonomiese voordele na die entiteit sal vloei; en
- die koste verbonde aan die transaksie betroubaar gemeet kan word.

Weens die afwesigheid van inligting wat die teendeel bewys, kan daar aanvaar word dat die koste van die kledingstukke asook die inkomste (verkoopprys) betroubaar gemeet kan word.

Dit is waarskynlik dat ekonomiese voordele na LAN Beperk sal vloei, aangesien slegs 13% van die produkte wat verkoop word, teruggebring word.

Die feit dat klante die reg het om goedere terug te bring, mag die indruk wek dat LAN Beperk sekere van die risiko's verbonde aan eienaarskap behou. Die gedeelte van die risiko's wat behou word is egter onbeduidend, en gevolglik moet die inkomste uit die verkoop van kledingstukke op datum van verkoop erken word, op voorwaarde dat 'n voorsiening vir moontlike terugsendings geskep kan word.

'n Voorsiening is 'n las waarvan die tydsberekening of bedrag onseker is.

'n Las is:

- 'n huidige verpligting;
- wat spruit uit vorige gebeure ;
- waarvan die nakoming na verwagting daartoe sal lei dat middele wat ekonomiese voordele beliggaam uit die entiteit sal vloeï.

'n Las behoort erken te word, indien:

- dit waarskynlik is dat toekomstige ekonomiese voordele uit die entiteit sal vloeï; en
- die item 'n koste het wat betroubaar gemeet kan word.

LAN Beperk het 'n beleid van terugbetalings vir aankope deur ontevrede klante. Sy beleid om terugbetalings te maak is algemeen onder klante bekend.

Gevolgtik is 'n verwagting deur LAN Beperk geskep op die datum van verkoop en dus is die terugbetaling van aankope onvermydelik. LAN Beperk het daarom 'n afgeleide verpligting vanaf die datum van verkope.

Die vorige gebeurtenis is die verkoop van die items aan die klante deur LAN Beperk.

Wanneer die items teruggebring word, en die klante in kontant terugbetaal word, sal daar 'n uitvloeï van ekonomiese voordele wees.

Geskiedenis/ervaring het gewys dat omtrent 13% van alle verkope teruggebring sal word. Daarom is dit waarskynlik dat sekere klante goedere sal terug bring en kan die voorsiening betroubaar beraam word.

Dus bestaan daar 'n las.

Daar is onsekerheid rondom watter klante en wanneer hulle items sal terugbring.

Dus, moet 'n voorsiening vir die beraamde kostes in die boeke van LAN Beperk erken word.

Die voorsiening sal gemeet word teen verkope vir die laaste twee maande voor jaareinde vermenigvuldig met 13%.

Die uwe
IAS Inc vennoot

E-pos 2

IAS 18.13 – *Inkomste* vereis dat inkomste afsonderlik op elke transaksie aangeteken moet word. In sekere omstandighede is dit egter nodig om die erkenningskriteria op die afsonderlik identifiseerbare komponente van 'n enkele transaksie toe te pas ten einde die wese van die transaksie te weerspieël.

Inkomste moet dus afsonderlik aangeteken word ten opsigte van elk van die volgende:

- Die verkoop van goedere;
- Die lewering van dienste; en
- Finansieringsinkomste.

Inkomste word gemeet teen die billike waarde van die teenprestasie wat ontvang is.

Waar 'n entiteit rentevrye krediet aan die koper toestaan en die reëling effektief 'n finansieringstransaksie uitmaak, word die billike waarde van die teenprestasie bepaal deur verdiskontering van alle toekomstige ontvangste met gebruik van:

- (a) die koers van 'n soortgelyke instrument van 'n uitreiker met 'n soortgelyke kredietgradering; of
- (b) 'n koers wat die nominale bedrag van die instrument verdiskonteer tot die huidige kontantprys van die goedere of dienste.

Die verskil tussen die billike waarde en die nominale bedrag van die teenprestasie word as rente-inkomste erken.

Die totale teenswoordige waarde van die kontantvloeïe moet dan verdeel word tussen die inkomste bloot met verkoop van die toerusting en inkomste uit die lewering van die diens na een jaar.

Die totale teenswoordige waarde moet verminder word met die teenswoordige waarde van die uitgestelde bedrag vir die onderhoudsdienste. Die uitgestelde bedrag is die bedrag wat die verwagte koste van die dienste ingevolgt die ooreenkoms sal dek, saam met 'n redelike wins op daardie dienste.

Die inkomste uit die verkoop van goedere sal erken word op die datum waarop beduidende risiko's en vergoeding verbonde aan eiendomsreg vanaf die verkoper na die koper oorgaan (waarskynlik wanneer die klant die kleinhandelsperseel met die huishoudelike toestel verlaat).

Inkomste uit die onderhoudsdienste (hierdie is 'n diens anders as installasie) sal erken word wanneer die onderhoudsdienste uitgevoer word (d.i. een jaar na die verkoop van die goedere).

Finansieringsinkomste word erken met verloop van tyd op die effektiewerente-metode.

VOORGESTELDE ANTWOORD OP VRAAG 5

Die transaksie bestaan uit 4 verskillende items naamlik:

1. Die verkoop en ontwikkeling van die rekenaarsstelsel
2. Die tuisblad se ontwerp
3. Die instandhoudingsfooie
4. Die lening vanaf SBI beleggingshuis.

Verkoop en ontwikkeling van die stelsel

In terme van IAS 18.14 kan inkomste uit die verkoop van goedere erken word wanneer al die volgende vereistes nagekom word:

- Die entiteit het beduidende risiko's en vergoeding van eienaarskap oorgedra.
- Die entiteit het nie 'n voortgesette betrokkenheid by die item, wat gewoonlik met eienaarskap of effektiewe beheer geassosieer word, nie.
- Die inkomste kan betroubaar geraam word.
- Dit is waarskynlik dat ekonomiese voordele wat met die transaksie verband hou na die entiteit vloei.
- Die koste aangegaan of wat aangegaan mag word kan betroubaar geraam word.

Die stelsel is bestel en geïnstalleer en in werking gestel vir SBI Beleggingshuis. SBI Beleggingshuis is nou ook verantwoordelik vir die instandhouding van die stelsel. 'n Verkoop-ooreenkoms is gesluit deur beide partye en die metode van betaling is ook gespesifiseer.

Die bogenoemde dui aan dat alle risiko's en vergoeding van die stelsel oorgedra is en dat Connection Incredible die vereistes volgens die kontrak teen 30 September 2005 nagekom het.

Verhaalbaarheid/ Invordering van die bedrag is relatief verseker want die verkoop is gemaak en dit is onwaarskynlik dat SBI nie sal betaal nie (SBI Beleggingshuis is hoogs winsgewend).

Die verkoop-ooreenkoms stipuleer ook wanneer betaling vanaf SBI Beleggingshuis moet plaasvind.

Koste en inkomste wat verband hou met die transaksie, moet meetbaar wees sodat die wins uit die kontrak betroubaar bepaal kan word.

Koste:

Die koste is bepaal op R5 000 000, maar Connection Incredible moes die fondse geleen het om die transaksie te finansier.

Inkomste:

Die inkomste van R8 000 000 is betaalbaar in twee gelyke paaiemente oor twee jaar. Die patroon van betaling is soortgelyk aan 'n huurkoop-ooreenkoms, dus moet die betalings verdiskonteer word om die "ware" verkoopprijs te bepaal. Die verdiskonteringskoers is 18%.

Die "ware" verkoopprijs is R6 262 568 ($PMT = 4\,000\,000; i = 18\%; n = 2$)
Rente sal oploop op 'n dag-tot-dag-basis en dus sal rente ontvangbaar van R281 816 ($6\,262\,568 \times 18\% \times 3/12$) op jaareinde erken moet word. Dus sal daar rente inkomste van R281 816 deur Connection Incredible erken moet word.

Die bedrag ontvangbaar vanaf SBI beleggingshuis moet verdiskonteer word en geopenbaar word as 'n langtermyn debiteur (naamlik R3 389 831) en 'n korttermyn debiteur van R3 154 553, wat rente ontvangbaar van R281 816 sal insluit.

Tuisblad se ontwerp:

Hierdie is 'n dienskontrak, waarvan die uitkoms nie betroubaar gemeet kan word nie, want koste wat nog aangegaan moet word, is nie bekend nie.

Alle koste is verhaalbaar ("dit is altyd minder as R100 000").

Inkomste gelyk aan die verhaalbare kostes moet erken word (impak op netto wins nul). Dus moet inkomste van R28 000 erken word met 'n ooreenstemmende uitgawe van R28 000 (as deel van koste van verkope).

Instandhoudingsfooie:

Die diens met betrekking tot instandhouding is reeds gelewer en die fooie kan as inkomste erken word.

Lening vanaf SBI Beleggingshuis:

Die lening ontvang mag nie teen die debiteur verreken word nie. Die lening van R3 miljoen is 'n aparte las en is nie deel van die betaling volgens SBI beleggingshuis nie.

Dus, SBI beleggingshuis tree as a krediteur op m.b.t die R3 000 000 lening. Die lening moet geopenbaar word as 'n aparte las (bedryfslas). Die bedryfslas sal R3 000 000 wees en rente opgeloopt van R225 000 moet erken word. (Die opgeloopte rente sal die staat van wins of verlies en ander omvattende inkomste affekteer deur 'n rente uitgawe van R225 000 te erken.)

VOORGESTELDE OPLOSSING VRAAG 6

1. Kaartjie verkope

1.1 Rekeningkundige hantering

- Die opbrengs met die **verkoop van die kaartjies** mag nie as inkomste erken word totdat die vertonings plaasgevind het nie (diens wat gelewer word). Dit is as gevolg van 2 vereistes van IAS 18.20 vir die erkenning van inkomste uit die lewering van dienste, naamlik:
 - Dit moet waarskynlik wees dat toekomstige ekonomiese voordele na die entiteit sal vloei [IAS 18.20(b)] – die vertoning kan moontlik gekanselleer word of nooit vertoon word nie om welke rede ookal en dan moet die opbrengs van die verkope terugbetaal word.
 - Die uitgawes wat verband hou met die transaksie moet betroubaar gemeet kan word [IAS 18.20(d)] – die vertoning begin eers in Augustus 1999 en dus kan al die koste wat moontlik aangegaan word nie betroubaar gemeet word nie.
 - Bykomend hiertoe bepaal die bylae tot IAS 18 dat inkomste uit kunstenaarsoptredes eers erken mag word wanneer die vertoning plaasgevind het – die vertoning begin eers in Augustus 1999, en dus het die vertoning nog nie plaasgevind nie.
- Die **rente verdien** mag as inkomste erken word op 'n tydgrondslag, deur die effektiwerente-metode te gebruik. As die ooreenkoms egter bepaal dat die rente terugbetaal moet word indien die vertoning nie plaasvind nie, moet bestuur die waarskynlikheid hiervan oorweeg. As die waarskynlikheid skraal is moet die rente as inkomste erken word. Aan die ander kant, as die waarskynlikheid nie gering is nie, moet die rente ontvang verantwoord word as 'n las totdat die vertoning plaasvind.
- Voorproduksiekoste** – die koste moet uitgestel word tot die datum wat die vertoning begin en dan gepaar word met die verwante inkomste. Dit word geag 'n direkte koste vir die lewering van die diens te wees en dit moet op 'n tydbasis erken word oor die termyn van die vertoning.
- Advertensiekoste** – moet erken word as 'n uitgawe in die tydperk wat die advertensie aangegaan word – IAS 38.69. Sommige kan redeneer dat die koste uitgestel moet word en gepaar moet word met die inkomste verdien uit die vertonings, maar dit is moeilik om te bewys dat die advertensie wel direk verband hou met die inkomste verdien uit die kaartjieverkope.

1.2 Openbaarmaking

- Sluit die bedrag van **vooruitverkoopte kaartjies** by bedryfslaste in en toon 'n aparte lynitem slegs indien die bedrag weselik is.
- Rente ontvang** moet by ander inkomste in die staat van wins of verlies en ander omvattende inkomste ingesluit word.

- Uitgestelde voorproduksie koste** – sluit die bedrag onder bedryfsbates in.
- Advertensiekoste** – word nie getoon in die staat van wins of verlies en ander omvattende inkomste nie, maar word by ander uitgawes ingesluit.

VOORGESTELDE OPLOSSING VRAAG 7

DEEL A

a)	Bereken die inkomste van transaksies 1 - 3	
a.	120 Carcomps x \$550 x 9,60* - verkope	R 633 600
	150 Carcomps – 14 dae nog nie verstreke teen 30 Junie nie	-
	* 29 Junie – die datum waarop die 14 dae verstryk het.	
b.	440 x 4 125 x 85% - Verkope	R1 542 750
	2 x 4 125 x 15% - diensfooie	R 1 238
c.	Geen oordrag van risiko of vergoeding het plaasgevind nie	-
	TOTALE VERKOPE	R2 177 588

b) Openbaarmaking van eindvoorraad op 30 Junie 20X2

10.	Voorraad	
	Grondstowwe	R750 000
	Voltooide goedere [B1]	<u>R1 634 400</u>
		<u>R 2 384 400</u>

Berekeninge

C1 Voorraad

Voorraad in pakhuis (gegee)	R950 400
Carcomps op besending in Amerika	
- Nie verkoop [(350 verskeep – 270 verkoop) x 4 125 x 100/125]	R264 000
- Verkoop maar 14 dae nog nie verstreke nie (150 x 4 125 x [100/125])	R495 000
Netto realiseerbare waarde aanpassing agv vasteverkoopprys-kontrak [150 x (4 125 x 100/125 – 2 800)]	<u>R (75 000)</u>
	<u>R1 634 400</u>

VOORGESTELDE OPLOSSING VRAAG 8**PART A**

The air miles awarded should be accounted for as a separately identifiable component of the transaction in which the original air ticket is purchased. As a result, the total fair value of the consideration received upon the initial sale should be allocated between the air miles awarded and the sale of the original air ticket. The amount allocated to the air miles should then be deferred until the air miles are redeemed and the airline fulfils its obligation to supply the free flight. The amount of revenue recognised when the free flight is supplied should be based on the number of air miles redeemed relative to the total number expected to be redeemed.

PART B

<i>1 January 20X7:</i>	R
Amount received in cash	4 500
Amount deferred (45 points* x R12)	(540)
Revenue recognised	<u>3 960</u>
* 4 500 / 100	

<i>1 February 20X7:</i>	
Amount received in cash [2 500 – (20 x 15)]	2 200
Amount deferred (22 points* x R13,50)	(297)
Points redeemed [(20 / (45 x 90%)) x 540]	<u>267</u>
Revenue recognised	<u>2 170</u>
* 2 200 / 100	

<i>1 March 20X7:</i>	
Amount received in cash [3 000 – (20 x 15)]	2 700
Amount deferred (27 points* x R14,25)	(385)
Cumulative points redeemed [(20 + 20) / ((45 + 22) x 95%)] x (540 + 297)	526
Points recognised on 1 February 20X7	<u>(267)</u>
Revenue recognised	<u>2 574</u>
* 2 700 / 100	

PART C

1. Although the clothing shop operates the customer loyalty program, the awards (airline tickets) are supplied by a third party, namely Skyfly Airline. The clothing shop collects the consideration for the awards on its own account and, in respect of points redeemed, compensates the airline for supplying the free airline tickets. As this is not a principal / agent relationship, the clothing shop should defer the revenue relating to the points awarded until the points are redeemed at the airline, at which date both the revenue and related cost should be recognised.

10 000 points were awarded by the clothing shop during the 20X7 financial year, resulting in revenue of R50 000 (10 000 points x R5) being deferred. Of this R50 000, an amount of R31 579 should be recognised as revenue in 20X7, as

6 000 points were redeemed before year-end. The amount recognised is calculated with reference to the points redeemed relative to the total number of points expected to be redeemed, ie $[6\,000 / (10\,000 \times 95\%)] \times 50\,000 = 31\,579$. In respect of the points redeemed, an expense of R27 000 (6 000 x 4,50) should be recognised when the points are redeemed, representing the amount payable to Skyfly Airline.

2. From the terms of the agreement it is clear that the clothing shop collects the consideration for the points on behalf of the airline. The clothing shop therefore acts as an agent for the airline. As a result, the revenue recognised by the clothing shop should be measured as the net amount retained on its own account, ie the difference between the consideration allocated to the points (R5) and the amount payable to the airline (R4,50). This revenue should be recognised at the date when the points are awarded, as the clothing shop has no further obligation from this date onwards regarding the points that have been awarded. At this date the airline becomes obliged to supply the awards and also becomes entitled to receive consideration for doing so. The clothing shop will therefore recognise revenue (commission) of R5 000 $[10\,000 \times (5 - 4,50)]$ for the 20X7 financial year.

PART D

An onerous contract is a contract in which the unavoidable costs of meeting the obligation under the contract exceed the economic benefits to be received under it. At the date when the free air miles were awarded, the contract was not onerous, as the total revenue relating to the air miles amounted to R10 000 000 (1 000 000 x R10), while the expected costs amounted to R8 400 000 (1 000 000 x 70% x R12). The benefits therefore exceeded the total costs.

The 600 000 air miles that were redeemed during 20X5 resulted in revenue of R6 666 667 being recognised, namely $[600\,000 / (90\% \times 1\,000\,000)] \times 10\,000\,000$. The remaining balance on the deferred revenue account therefore amounted to R3 333 333 at 31 December 20X5. At this date the costs to supply the remaining 300 000* air miles are expected to be R3 600 000 (300 000 x 12). As the costs of R3 600 000 exceed the future benefits of R3 333 333' an onerous contract exists. A provision therefore has to be raised at 31 December 20X5 for the excess costs of R266 667 (3 600 000 – 3 333 333).

$$* (10\,000\,000 \times 90\%) - 600\,000 = 300\,000$$